Paasfees Prentjie-Pas

Benodighede:

- Printer
- Blanco Karton
- Skêr
- Inkleurkryte/-potlode/verf
- Lamineerder (opsioneel om kaartjies langer leeftyd te gee)

Leer ken speel-speel die Paasverhaal en bypassende Bybeltekste.

Kleur die kaartjies in, knip dit uit en siedaar:
'n Paasfees geheue speletjie!

Maak die kaartjies almal op een slag en ontdek opnuut die storie van Paasfees
OF
Gebruik dit vir Huisgeloof in die oploop tot Paasfees deur elke dag een te maak en die teks wat daarmee saamgaan in die Bybel te lees.

Moontlike Besprekingsvrae:

Ek wonder hoe laat die storie/prent/vers jou voel?

Ek wonder hoe het Jesus gevoel?

Ek wonder hoe het die mense (Pilates, Skare, Simon van Serene, Vroue, Dissipels, Soldate ens) gevoel?

Ek wonder hoe God gevoel het?

Oorspronklike werk deur Sara Jonckheere. In Engels beskikbaar by:
https://www.sarajcreations.com/2019/03/stations-of-cross-matching-cards-freebie.html
Aangepas en saamgestel deur Bianca Botha

Pilatus sê vir hulle:
"Wat moet ek doen met Jesus wat Christus genoem word?"

"Kruisig hom!" skree hulle

- Matteus 7:22 -

1

Pilatus het Barrabas toe vir hulle losgelaat; maar Jesus het hy laat gesel en oorgelewer om gekruisig te word.

- Matteus 27:26 -

2

"Toe trek hulle Hom 'n pers mantel aan en vleg 'n doring kroon en sit dit vir Hom op"

- Markus 15:17 -

3



4

"Jesus het self sy kruis gedra en uitgegaan na Kopbeenplek toe, soos dit genoem is, in Hebreeus Golgota"

- Johannes 19:17 -

4

5

Die soldate het Jesus gespot, geslaan en gespoeg

- Markus 15:16-20 -

5



6

Terwyl hulle Hom weglei, gryp hulle Simon van Sirene, en sit die kruis op Hom om dit agter Jesus aan te dra

- Lukas 23:26 -

6



By die kruis van Jesus het ook nog sy moeder en sy moeder se suster en Maria die vrou van Klopas en Maria Magdalena gestaan

- Johannes 19:25 -

7

Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel waarvoor Hy baie lief was, wat by haar staan, sê hy vir haar: "Daar is u seun"
En vir die dissipel:
"Daar is jou moeder"
Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem

- Johannes 19:25 -

8



Daar was ook baie vroue wat op 'n afstand gestaan en kyk het
Dit is hulle wat vir Jesus van Galilea af gevolg het en vir Hom gesorg het

- Matteus 27:55 -

9



10

"Hulle het hom saam met die misdadigers gekruisig. Toe sê Jesus: 'Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!'"

- Lukas 23:33-34 -

10



11

"...toe kom daar 'n duisternis oor die hele land... Jesus het hard uitgeroep: Vader, in U hande gee Ek my gees oor"

- Lukas 15:17 -

11

12



"Josef van Arimatea, 'n lid van die Joodse Raad wat in die geheim 'n dissipel van Jesus was, het vir Pilatus gevra of hy die liggaam van Jesus neem. Pilatus het sy toestemming gegee en Josef het sy liggam weggeneem"

- Lukas 23:50-51; Johannes 19:38

12

13

"Nikodemus (en die vroue wat saam met Jesus van Galilea af gekom het) het gekom en... Jesus se liggam met geurolie behandel en in doeke toegedraai "

Johannes 19:39-40; Lukas 23:55

13

14

"Die Sondagmôre baie vroeg het die vroue na die graf toe gegaan... Daar kry hulle die klip weggerol van die ingang af; en toe hulle ingaan, was Jesus se liggaam nie daar nie"

- Lukas 24: 1-3 -

14